The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

Posadres	Posbus 2648, **NOORDHEUWEL** 1756	**Kantoor**	Dekkerstraat 37 **KRUGERSDORP WES**
Tel. (Kantoor) **Faks**	082-459-5747 086-528-9914	**E-pos** **Webblad**	admin@thecradleofhope.org http://thecradleofhope.org

NUUSBRIEF
Mei 2010

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief die volgende e-pos adres:
admin@thecradleofhope.org

Liewe vriende

BAIE DANKIE aan almal wat ons ondersteun het gedurende die afgelope twee maande, waarin ons baie baie besig was. Ons waardeer almal se ondersteuning en is opreg dankbaar vir enige donasies.

Hieronder is 'n uiteensetting van ons onderskeie projekte. Indien julle betrokke sou wou raak of sou kon help, skakel asb. die betrokke persone, of skakel Melodie op 082 459 5747.

PROJEKTE VAN "THE CRADLE OF HOPE":

1) **THE CRADLE – House of Restoration:**
   Ons eerste minder-bevoorregte mammas en hulle kinders het reeds hulle intrek geneem, en ons is druk besig om alles gereed te kry om 'n langtermyn verskil in hierdie mammas en kinders se lewens te maak. Enige huishoudelike items, meubels ens. en klere sal waardeer word. **Ons benodig dringend enkelbeddens en bunker-tipe beddens sowel as matrasse.** Ons behoefte aan kos-items, skoonmaak items ens. is ook baie groot. Indien julle kan help skakel asb. vir Melodie op

082 459 5747. Ons benodig ook vrywilligers om betrokke te raak. Kom leer vir hierdie mammas **JOU** talente en help ons om hulle te leer om hulleself te kan help!

Bank besonderhede:
Eerste Nasionale Bank, Krugersdorp Tak – 250241, Rek: 6218 035 2628. (Faks asseblief die deposito bewys aan 086 528 9917 – Indien u 'n belasting sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

2) **THE CRADLE OF HOPE – Stimuleringsgroepie vir kleuters by die Kroningspark tentdorp:**
Ons stimuleringsgroepie vir die kleuters se ure is nou verleng en die groepie is nou funksioneel vanaf 09h00 tot 13h30 elke dag. Hierdie kleuters is besig om baie vinnig baie slim te raak. Hulle sing al hulle eie skool liedjie en ken al hulle kleure en vorms. Enige kleuterskool items sal opreg waardeer word. Ons benodig ook **BAIE DRINGEND** Novilon of Lino vir die sement vloer van 30 vierkante meter. Winter is nou hier, en dit raak bitter koud in die klassie. Enige Novilon of Lino sal waardeer word, selfs "off-cuts". Indien julle sou kon help skakel asseblief vir Elmarie Naudé op 083 650 3587.

3) **THE CRADLE OF HOPE – Stimuleringsgroepie vir mammas en babas by die Kroningspark tentdorp:**
Elke Woensdagoggend vanaf 10h00 tot 11h00 kom al die mammas met hulle babas bymekaar, en dan leer hulle hoe om hulle babas slim en sterk te maak. Skenkings wat ons ontvang word ook dan uitgedeel. Indien julle betrokke sou wou raak, skakel asseblief vir Christéne op 082 923 8401. Ons benodig opvoedkundige baba speelgoed, baba produkte, baba kleertjies sowel as enige ander baba items.

4) **KRONINGSPARK – Naskool huiswerk sentrum:**
Die naskoolsentrum het amptelik geopen en daar word nou elke middag huiswerk gedoen. Dit gaan uitstekend met die funksionering van die naskoolsentrum en die kinders wat dit bywoon se punte toon reeds 'n groot verbetering. Ons benodig skryfbehoeftes, vrywilligers, opvoedkundige boeke en tydskrifte. Skakel asb. vir Charmaine van **YESHUA CHILDREN's MINISTRY** op 082 971 8098 indien julle sou kon help.

5) **THE CRADLE OF HOPE – Voedingsskema vir die kinders van die Kroningspark tentdorp:**
Ons wil baie graag gedurende die winter maande **ELKE DAG** om 14h00 vir die kinders 'n lekker warm gekookte maaltyd verskaf. Indien julle sou kon help met kos-items sal ons dit baie waardeer. Hierdie honger magies kan nie leer en sterk en slim word sonder die nodige voedingstowwe nie. Skakel asb. vir Melodie op 082 459 5747.

Bank besonderhede vir projekte 2, 3, 4 en 5
THE CRADLE OF HOPE – Assist A Child rekening
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6219 699 4498. (Faks asseblief die deposito bewys aan 086 528 9917 – Indien u 'n belasting sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

6) **POMFRET uitreik:**
Die uitreik na POMFRET was 'n baie groot sukses. Zac en Huibie Grobler het saam met Corlien MacDonald gewerk aan die kleuterskool wat nou daar begin is vir 80 minder-bevoorregte kinders. Ons sal weer gedurende Julie 2010 besoek aflê aan POMFRET. Indien julle betrokke sou wou raak skakel asb. vir Zac op 073 814 2288.

Bank besonderhede:
THE CRADLE OF HOPE – Outreach rekening
Eerste Nasionale Bank, Keywest Tak – 256955, Rek: 6221 476 7272, **VERW: POMFRET**. (Faks asseblief die deposito bewys aan 086 528 9917 – Indien u 'n belasting sertifikaat verlang dui asseblief so aan op die deposito strokie.)

Baie baie dankie vir almal se ondersteuning. Sonder julle hulp sou ons dit eenvoudig net nie kon doen nie. Baie dankie dat julle ons help om 'n verskil te maak in hierdie mense se lewens.

CRADLE liefde en seëninge

Melodie van Brakel
DIREKTEUR: Maatskaplike dienste
THE CRADLE OF HOPE
SEL: 082 459 5747
melodie@thecradleofhope.org
www.thecradleofhope.org
Artikel 21 Maatskappy: 2007/030236/08
NPO (Non-Profit Organisation): 062-511
PBO (Public Benefit Organisation): 930 027 742
BTW registrasie nommer: 4760248593

Johannes 1:16 – "En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade."